Waterkruik

JAARGANG 58 NO 15 18 April 2021

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video Youtube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---Pretoria
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

EREDIENSTE VOLGENDE SONDAG

Dr. Douw Breed gaan volgende Sondag die oggenderediens lei.

DIENSBEURTE

Vandag:

Oggend. Wyke 06 & 07
Ouderlinge: Br. Kobie van Wyk
Br. Jac van der Walt
Diaken: Br. Albert Chambers

Aand. Wyke 08 & 09
Ouderlinge: Br. Steve Chambers
Br. Daniël du Plessis
Diaken: Sr. Susan van der Poel

.

KOLLEKTES

Tydens die erediens:
Diakonale kas: ABSA: Diakonie, Spaar Rek. No. 9139785681

Na die erediens:
GKSA Sustentasiefonds
Doel: Om kerke wat nie finansieël onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand. Rek. no. 000 340 685

KATKISASIE

Die Katkisasie sluit vanoggend vir die vakansie en open weer op Sondag 9 Mei 2021. Daar sal agv die Klassisvergadering Maandagaand, ook nie Maandag katkisasie vir die hoërskoolleerders wees nie

BYBELSTUDIE SLUIT

Die Bybelstudie sluit Donderdag vir die skoolvakansie en open weer op Donderdag 6 Mei om 09:30

TEESKINKBEURTE

Almal word hartlik uitgenooi om na die erediens saam tee en koffie in die vierkant te geniet. U word versoek om u masker solank as moontlik aan te hou en afstand te hou.

Dankie aan die susters van wyk 23, olv Gené van Wyk, wat vanoggend sorg vir tee/koffie.

Sondag 2 Mei is dit die beurt van wyk 24 olv Ansie Heymans.

EREDIENSTYE

Die oggenderediens sal vanaf 2 Mei om 09:30 begin.
Die tye van die aanderedienste bly onveranderd.

Program vir die week
Maandag: Klassisvergadering

Donderdag: 09:30 Bybelstudie saal

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders en susters van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting"

Psalm 71:3

Vandag
Br. Wikus du Plessis 082 807 6945

Maandag 19 April
Schalk Heymans (17) 060 433 2087
Dinsdag 20 April
Piet Hoffmann 076 329 7475

Woensdag 21 April
Sr. Eliza van der Linden 082 458 6945

Donderdag 22 April
Br. Leon Nel 082 389 5344
Adéle Smith (16) 083 557 3370
Sr. Ariza Swanepoel 083 390 1031

Vrydag 23 April
Br. Gerben Meijer 062 279 4469
Sr. Elize Hoogendyk 084 764 4692
Br. Wykie van Wyk 072 576 7033

Saterdag 24 April
Br. Johan Scheepers 083 327 0293
Br. Johan Stronkhorst 083 675 3198

Komende Vrydag (23 April) mag ek DV my verjaardag vier. Julle is baie welkom om die dag saam met ons te deel. Dit sal vir ons heerlik wees om julle by die pastorie te ontvang vir koffie/tee en 'n wafel. Almal is hartlik welkom vanaf 14:00. As jy 'n tydjie het, kom maak gerus 'n draai:).

Ds. Gerben

MEELEWING

Vanoggend word die verbondskindjie, Kristian, van br. Herman 061 003 9129 en sr. Anneke 072 171 6595 Hamersma gedoop. Hartlik geluk. Mag die God van wordende geslagte aan julle die wysheid, insig en genade gee om hom saam met Dineke op te voed in sy verbond en tot eer en verheerliking van sy Heilige Naam. Ook hartlik geluk aan grootouers en die familie. Mag klein Kristian vir julle tot groot seën wees.

Ons is saam met Roelf en Alida Steenekamp dankbaar dat dit hierdie keer goed gegaan het met Alida se rugoperasie. Ons bid dat sy volkome mag herstel. 083 303 9693

Ons innige simpatie met br. Hennie Steenkamp en sy gesin, wie se broer die afgelope week oorlede is. Mag die Here julle ryklik vertroos. 067 274 4088

ATTESTATE

Ons heet br. Hennie 067 274 4088 en sr. Rina Steenkamp hartlik welkom in ons gemeente. Hulle kom van Rietvallei-gemeente. Ons vertrou dat julle gou deel sal voel van die Waterkloofrandfamilie.

ROEPING AS OUDERLING

Br. Marthinus Erasmus is geroep om as ouderling te dien. Ons bid hom die leiding van die Heilige Gees toe met die oorweging hiervan.

U het my gevorm,
my aanmekaargeweef
in die skoot van my
moeder. Ek wil U loof,
want U het my op 'n
wonderbaarlike wyse
geskep.
Psalm 139, 13.

NUWE SKRIBA

Ons gemeente het na 18 jaar 'n nuwe skriba. Hartlik geluk aan br. Wico Swanepoel wat br. Eddie Trollip opvolg. Ons bid jou die Here se seën toe op die werk wat jy as skriba gaan doen.

Namens die kerkraad en die gemeente wil ons br. Eddie Trollip hartlik bedank vir die waardevolle werk wat hy met soveel ywer en passie vir 18jaar gedoen het. Mag die Here jou en Anna-Marie ryklik seën.

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang

Proponent MD Letebele (David) na GK Knapdaar.

Proponent IJ van der Westhuizen na GK Boksburg.

Proponent IJ van der Westhuizen na GK Kroonstad .

Beroepe aanvaar
Proponent JA Linde (Jaco) na GK Witrivier

KLASSISVERGADERING

Die Klassis Oostelike Pretoria vergader Maandag 19 April. Ons vra u voorbidding vir die Here se seën op hierdie vergadering. mag alles tot eer en verheerliking van God geskied.

KOEKIES VIR DIE KINDERHUIS

Die kinders van die kinderhuis het `n behoefte daaraan om saans voor hulle gaan slaap die leë kolletjie in hulle maag te vul met `n beskuitjie of koekie saam met hulle laaste beker tee/koffie.
Ons doen `n beroep op almal in die gemeente om te bak of die wat nie graag bak nie kan gerus koekies of beskuit aankoop.

Handig dit asseblief by Nienke by die kantoor of kombuis in.

HOEKOM LAAT GOD TRAGEDIES EN LYDING TOE – *deel 2*

God is nie die Skepper van die bose en lyding nie.
Ons hoor dikwels: Hoekom het God nie ’n wêreld gemaak waar lyding en tragedies nie bestaan het nie? Die antwoord is eenvoudig; Hy het. *Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het en dit was baie goed* (Genesis 1:31). Maar as God nie lyding en tragedie gemaak het nie, waar het dit vandaan gekom? God bestaan van ewigheid af as Vader, Seun en Heilige Gees in `n verhouding van volmaakte liefde. Toe God besluit het om mense te maak, wou Hy gehad het ons moet liefde ondervind. Om aan ons die vermoë te gee om lief te hê, moes Hy aan ons `n vrye wil gegee het. Ons kan nou besluit om lief te hê of nie. Liefde behels altyd `n keuse.

God het aan ons ’n vrye wil gegee, maar die mens het dit misbruik. As ons geprogrammeer was om te sê; Ek het U lief, sou dit nie werklik liefde gewees het nie. Ons het God verwerp. Dit is hoe boosheid die wêreld ingekom het. *Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God* nie (Romeine 3:23). So baie van die wêreld se lyding is die gevolg van ons sondige optrede of gebrek aan optrede. Dit is onregverdig om iemand dood te skiet en dan vir God daarvoor te blameer.

Wat van natuurlike rampe?
Hulle is die indirekte gevolg van sonde in die wêreld. *Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting (*Romeine 8;22). Die skepping verlang dat dinge reggestel moet word.

Kon God dit nie voorsien het nie?
Natuurlik het Hy. Maar kyk na ons. Ons kinders kan ons baie seermaak, maar ons het steeds kinders, want hulle kan vir ons baie vreugde, liefde en betekenis bring. God het geweet dat mense teen Hom in opstand sou kom, maar Hy het ook geweet dat baie mense Hom sou volg. Baie sou vir ewig by Hom in die hemel wees. Dit was vir Hom die moeite werd al het dit die dood van sy Seun gekos.

Coen Slabber
(word vervolg)

DIE BYBEL 2020-VERTALING



Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het teen die einde van verlede jaar Die Bybel: 2020-vertaling bekendgestel. Hierdie nuwe vertaling het heelwat aanklank by Afrikaanssprekende Christene gevind, maar die geweldige spoed waarmee hierdie Bybels regoor die land opgeraap is, het ons heeltemal onkant betrap.

Meer as 30 000 eksemplare van die 2020-vertaling is reeds verkoop. Verskillende bindstyle het heeltemal uitverkoop en die aantal name op ons waglyste toon duidelik 'n hoë aanvraag na hierdie vertaling.

"***Dié vertaling is 'n uitstekende poging om, 'n eerlike, akkuraat opgedateerde dog altyd bronteksgetroue weergawe van die Bybel te lese te kry.***" – Dr Gustav Claassen

Ons hoop dat die nuwe besending Bybels wat pas gearriveer het, darem in die onmiddellike behoeftes van ons kliënte sal voorsien. Hierdie Bybels in al die beskikbare bindstyle kan nou by jou naaste Bybelhuis of ons aanlynwinkel gekoop word. So kry vandag nog jou Bybel terwyl voorraad hou.

Nog goeie nuus is dat daar 'n nuwe toevoeging tot die bindstyle is — 'n luukse verwerkte Leerbybel wat die Deuterokanonieke boeke insluit. Hierdie top kwaliteit Bybel met sy verwerkte leeromslag, goud-op-snee en duimindeksering is nou beskikbaar.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469
MONUMENTPARK

SKRIBA
Wicko Swanepoel
084 588 5654

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK
Arie Hoogenboezem
082 785 0804

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net

webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER
Hein Wichmann 082 873 3569

WEEKKOSTER
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOORURE
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681